



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## FEBRUARIE/MAART 2014

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen. Neem die voorskrifte by elke vraag in ag.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Gedigte | (30) |
| AFDELING B: | Prosa | (25) |
| AFDELING C: | Drama | (25) |

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.

5. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | Ongeveer 40 minute |
| AFDELING B: | Ongeveer 55 minute |
| AFDELING C: | Ongeveer 55 minute |

6. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Beantwoord ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.

**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. Busrit in die aand | Opstelvraag | 10 | 5 |
| **OF** | | | |
| 2. 'n tipe epistemologie van water | Kontekstuele vraag | 10 | 6 |
| **OF** | | | |
| 3. Kwatryne | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| **OF** | | | |
| 4. Sonsverduistering | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| **EN** | | | |

**Ongesiene gedig: Beantwoord EEN vraag.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5. sondae | Opstelvraag | 10 | 9 |
| **OF** | | | |
| 6. sondae | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |

**AFDELING B: ROMAN**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 11 |
| **OF** | | | |
| 8. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 11 |
| | | | |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 14 |
| **OF** | | | |
| 10. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 14 |
| | | | |
| 11. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 16 |
| **OF** | | | |
| 12. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 17 |

**AFDELING C: DRAMA**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 13. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 19 |
| **OF** | | | |
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 19 |
| | | | |
| 15. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 22 |
| **OF** | | | |
| 16. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 22 |

***LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.**

**KONTROLELYS**

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5–6 | 1 | |
| B: Roman<br>(Opstel- of kontekstuele vraag) | 7–12 | 1 | |
| C: Drama<br>(Opstel- of kontekstuele vraag) | 13–16 | 1 | |
| **LET WEL:** **Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C ONDERSKEIDELIK.** | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vraag wat volg.

**Busrit in die aand – Elisabeth Eybers**

Elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit
sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

Skaduwee-skimme gly verby ... Dis laat
en lang ligvaandels wapper oor die straat
soos oor ’n dam die blinkpad na die maan.

Ons ploeg deur stormsee met ons kaperskuit:
die stuurman aan die wiel, die passasiers die buit
wat ons as slawe huis toe bring vanaand ...

Die vaartuig waggel afdraand, om die draai,
met skril gekners en skommelende swaai,
en hyg en skok en snork en swoeg opdraand

terwyl ons, soos twee kinders opgetoë,
mekaar toelag met glinsterende oë ...
Asof hul jammerlik hul lot kan raai

sit hul suf, met monde moeg gesluit,
elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

[Uit: *Die stil avontuur*, 1939]

“Busrit in die aand” is ’n stemmingsvolle gedig.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 250–300 woorde.

Verwys in jou antwoord na:

- Wat die stemming is (1 feit) en hoe die tema daarby aansluit (2 feite)
- Die woordgebruik wat tot die stemming bydra (3 gemotiveerde feite)
- ’n Motivering of daar ’n sikliese gang in die gedig aangetref word (1 gemotiveerde feit) **[10]**

**OF**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**’n tipe epistemologie van water – Breyten Breytenbach**

Die hemel was somber suf van die gietende reën
skeef gearseer, gebuig deur windstrome …
Dit was getint in vuur se kleure voortgebring uit bliksemskigte
wat die wolke gereep en verfladder het, die fakkels
waarvan die groot waters oor die oorspoelde valleie
geslaan en oopgekloof het, en waar dié ontbloot is
het die omgebuigde boomkruine sigbaar geword in die dieptes …
dat jy daar kon sien saamgewriemel op die baie bergspitse
allerlei diere die marmotjies die girafs die skuifelende reptiele
oplaas getem met die peupel mans en vroue wat boontoe
gevlug het met kind en kraai. En die landerye
onder water se brandertoppe was besaai van tafels,
katels, arke, balies, kosyne, stompe, karavane, vrieskaste,
kateders, kroegtoonbanke en ’n flottielje vlotte
saamgeflans in nood en vrees vir die dood
(so glibberig, so log), waarop ’n norring vare en moere met kroos
kon hurk terwyl hulle arpeggio’s eoniese krete
en verwyte en jammerklagte uiter, lamgeslaan
deur die wind se woede wat die waters laat rol
laat rol laat rol het … tesame met die glinsterende
groen lyke van die verdrinktes, ’n mompeling
van dooie vleis weer en weer en weer …

[Uit: *Die ongedanste dans – Gevangenisgedigte* 1975–1983, 2005]

2.1 Sê in jou eie woorde waaroor die eerste twee reëls in die gedig handel. (1)

2.2 In reël 4 gebruik die spreker die beeld “die fakkels”. Benoem die beeldspraak. (1)

2.3 Dink jy dat die woorde wat die spreker in reël 4–6 (“fakkels waarvan ... ontbloot is”) gebruik, effektief tot die tema van die gedig bydra? Motiveer jou antwoord. (2)

2.4 Verduidelik die ironie in reël 11–12: “En die landerye onder water se brandertoppe was besaai van tafels, ...” (2)

2.5 Haal ’n woord uit reël 11–15 aan wat by die stemming van die gedig pas. (1)

2.6 Op watter wyse sluit die woord “arke” (reël 13) by die titel aan? (1)

2.7 Gee die funksie van die parentese in reël 16. (1)

2.8 Waarom is ’n ellips in reël 20 gebruik? (1)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Kwatryne – Ina Rousseau**

**10**
Agter die skerms, lank reeds gegrimeer
aanskou ek die verhoog se glans en kleur
en wag dat u my toelaat om oplaas
my rol te gaan vertolk, O Regisseur.

**11**
As daar applous was vir die laaste maal
en U die décor moeg na onder haal,
sal U vir ons wat ons kostuums uittrek
volgens ons moeite en geduld betaal?

**12**
In hierdie klug vergeet soms ’n akteur
heel onverwags sy reëls en loer versteur
na die coulisses links en regs
maar geen souffleur se stem dring tot hom deur.

**13**
Ofskoon die saal se ligte nie meer brand
vra menigeen aan die verhoog se kant
nog steeds: Is ek van hierdie klug die held
of teen die agterdoek ’n figurant?

[Uit: *Die verlate tuin*, 1954]

3.1 Noem die ooreenkoms ten opsigte van die inhoud tussen kwatryn 10, 11, 12 en 13. (1)

3.2 Watter woord in kwatryn 10 dui aan dat die spreker nie deel van die toneel is wat voor hom/haar afspeel nie? (1)

3.3 Waarom is dit korrek om te sê dat die spreker in kwatryn 10 wel ’n speelbeurt gaan kry? (1)

3.4 Wat suggereer die woord “toelaat” in kwatryn 10? (1)

3.5 Noem die beeldspraak wat in kwatryn 11 voorkom. (1)

3.6 Met watter woord uit kwatryn 11 suggereer die spreker ’n voorwaarde? (1)

3.7 Herlees kwatryn 12, reël 4.

Tot watter gevolgtrekking ten opsigte van die lewe kom jy? (1)

3.8 Op watter manier word die kernvraag in kwatryn 13 uitgelig? (1)

3.9 Dink jy die tema van die gedig is aktueel? Motiveer jou antwoord. (2)
**[10]**

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Sonsverduistering – PJ Philander**

Langsamerhand, geruisloos skuif die vlek
van skadu en verklein die sekelboog
van son tot dreigend swart die kol daar hoog
’n koue vreemde skemerte laat trek
wyd oor die vlakte waarvandaan, swygsaam,
’n vaal streep donkies met die kortste pad
oorhaastig stalwaarts swingel nog voordat
die skape blêr-blêr na die kraal toe gaan.
Oor gans die mensdom hang ’n skaduwee
wat alle lig van God en Christus so
verduister dat Sy pad onsigbaar is.
En ons, aan hierdie duisternis gedwee,
het nie ’n skaap se voorgevoel of glo
dat ons moet tydig Huiswaarts keer vir rus.

[Uit: *Uurglas,* 1955]

4.1 Noem die kontras wat in die titel van die gedig opgesluit lê. (1)

4.2 Reël 1 van die gedig het ’n trae gang en ’n somber stemming. Waaraan skryf jy dit toe? (1)

4.3 Die sonsverduistering beïnvloed, volgens reël 1–8, die donkies en skape.

4.3.1 Haal die woord uit reël 3 én die woord uit reël 4 aan wat die diere se oorhaastige vlug kraal toe die beste motiveer. (2)

4.3.2 Waarom is die woord “swingel” (reël 7) ’n goeie woordkeuse in die konteks van hierdie gedig? (1)

4.4 Watter bydrae lewer die inversie (omgekeerde woordorde) in reël 9 tot die inhoud van dié reël? (1)

4.5 Waarom, na jou mening, verskil die rymskema in die laaste ses reëls van dié in die eerste agt reëls? (1)

4.6 Herlees reël 12. Waarvan beskuldig die spreker die mensdom in hierdie betrokke reël? (1)

4.7 Waarin lê die geslaagdheid al dan nie van hierdie gedig? Motiveer jou antwoord. (2)

**[10]**

**EN**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

Beantwoord VRAAG 5 OF VRAAG 6.

**VRAAG 5: OPSTELVRAAG**

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vraag wat volg.

**sondae – Rosa Smit**

1 sondae plant ons kappertjies voor die deur
2 en langs die huis jasmyn vir geur

3 my man strooi saadjies wyd en syd
4 ons kind 'n dolbly voëltjie voor hom uit

5 eenuur eet ons bone rys en nagereg met room
6 en drink ons koffie buite by die bloekomboom

7 blaai ons deur die sondagnuus vind ons geen blye tyding
8 orals tekens van verdriet en God en mens se skeiding

9 sewe-uur die aanddiens-klok wat in die bodorp lui
10 en ons wat deure sluit vir heelnag binne bly

[Uit: *Visier,*1984]

Die spreker se siening oor Sondae word op 'n subtiele manier deur kontras en rym ondersteun.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250–300 woorde.

Verwys in jou antwoord na:

- Wat kontras is (1 feit)
- Hoe die paarrym in strofe 4 en 5 die kontras ondersteun (2 feite)
- 'n Verduideliking van die kontras wat in dié gedig voorkom (3 gemotiveerde feite)
- Die geslaagdheid al dan nie van die gebruik van kontras in die gedig (1 gemotiveerde feit) **[10]**

**OF**

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**sondae – Rosa Smit**

sondae plant ons kappertjies voor die deur
en langs die huis jasmyn vir geur

my man strooi saadjies wyd en syd
ons kind 'n dolbly voëltjie voor hom uit

eenuur eet ons bone rys en nagereg met room
en drink ons koffie buite by die bloekomboom

blaai ons deur die sondagnuus vind ons geen blye tyding
orals tekens van verdriet en God en mens se skeiding

sewe-uur die aanddiens-klok wat in die bodorp lui
en ons wat deure sluit vir heelnag binne bly

[Uit: *Visier*,1984]

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Gee 'n bewys dat "sondae" in hierdie gedig veralgemeen word. | (1) |
| 6.2 | Wat word die tweereëlige strofes in die gedig genoem? | (1) |
| 6.3 | Noem EEN taak wat die spreker se gesin saam doen. | (1) |
| 6.4 | Sou jy die gebruik van die woord "voëltjie" in reël 4 as geslaagd beskou? Motiveer jou mening. | (2) |
| 6.5 | Watter kontras vind ons in reël 5? | (1) |
| 6.6 | Wat lees hulle in die "sondagnuus"? | (1) |
| 6.7 | Watter klanke in die gedig dra tot 'n rustige atmosfeer by? | (1) |
| 6.8 | Wat is die funksie van die afwesigheid van leestekens in dié gedig? Noem TWEE. | (2) **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**EN**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

**LET WEL:** Beantwoord EEN vraag oor die letterkundeteks wat julle in die klas behandel het.

## VRAAG 7: OPSTELVRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Die motto van die roman, *Kwart-voor-sewe-lelie* (“Angels can fly because they take themselves lightly”), is bepalend vir die wyse waarop die roman gelees moet word.

BESPREEK hierdie stelling in ’n opstel van 400–450 woorde. Gee in jou opstel aandag aan:

- Hoe jy die roman volgens die motto moet lees (1 feit)
- Die rol wat die Engel in Iris se lewe speel (5 feite)
- Die verskillende wyses waarop Peter (Iris se man), sy pa, Iris se ma en Iris se ouma die Engel beskou (6 gemotiveerde feite)
- Jou beoordeling of die Engel deel van die werklikheid vorm en of die motto geslaagd is (3 gemotiveerde feite) **[25]**

**OF**

## VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Lees die onderstaande uittreksels aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

### TEKS 1

Ek het byna die posbus op die hoek naby ons huis omgery, so ingedagte was ek.

My pa het my leer bestuur. Oorspronklik. Sy bevele het bestaan uit kortaf: “Nee, só,” of ’n nog korter: “Oppas!” Ná ek die motor in trurat gesit het sonder om eers die koppelaar te trap, het hy ’n bestuurskool gebel en vir my ’n afspraak gemaak.

Ek moes my instrukteur in die middestad ontmoet en toe ek by hom kom, het hy reeds gaperig in die motor gesit en wag.

“Kan jy bestuur?” het hy my gevra ná ons gegroet het.

“Nee.”

“Klim in,” het hy beduie. Hy het reeds in die passasiersitplek gesit, dus het ek geen ander keuse gehad nie, ek moes agter die stuurwiel inskuif.

“Ek kan nie in die stad ry nie,” het ek gesê. Ma se verskoning.

Hy het met groter oorgawe gegaap, ’n koerant oopgeslaan, sy voete teen die paneelbord vasgeskop en gesê: “Ry.”

Luigat, het ek gedink, en die motor aangeskakel. Dit was ’n kleinerige motortjie en hy het net drie keer gespring voor hy teen die geparkeerde motor voor ons uitgeklim het.

Ek het langs die motor in die warm son gestaan en wag vir die polisieman om klaar te praat en al sy dinge neer te skryf ...

“Sy’t dit ekspris gedoen!” het die instrukteur beduie. Sy gesig was rooi en opgeblaas.

8.1 Waar het Iris haar direk voor hierdie gedeelte bevind en watter besluit het sy daar geneem? (2)

8.2 Watter karaktereienskap van Iris kom in die eerste twee reëls van die uittreksel na vore? Gee ’n ander voorbeeld uit die roman waar dieselfde karaktereienskap duidelik blyk. (2)

8.3 Herlees reël 3–4.

Waarom is dit korrek om te sê dat Pa se woorde op ’n familiekwaal dui? (1)

8.4 Watter ooreenkoms is daar tussen die optrede van die instrukteur (reël 18–19) en Iris se huisgesin? (1)

8.5 Beskryf die soort konflik wat in reël 20–22 voorkom en dui die verdere verloop tot die oplossing daarvan aan. (3)

8.6 ’n Verteller speel ’n bepaalde rol in ’n roman.

8.6.1 Watter soort verteller tree in hierdie gedeelte op? (1)

8.6.2 Is die instrukteur se woorde in reël 25 die waarheid? Motiveer jou antwoord met TWEE redes deur na die verteller te verwys. (2)

**EN**

**TEKS 2**

“Dit moet ’n las wees,” het een man vir my gesê, “om te kom van jou land.”

Ek het geswyg en klein slukkies wyn gedrink.

“Moenie jou aan hom steur nie,” het iemand sag agter my gesê. Ek het onthuts omgedraai om te sien wie gepraat het en in die opgestoomde ruit het ek die vae omlyning van ’n Engel gesien. Die wyn is in my verkeerde keel in en ek het gestik. Sou die man al die pad saamgevlieg het of was dit ’n plaaslike Engel? Ek het my glas neergesit en heeltemal omgedraai. Die Engel was weg, slegs druppeltjies kondensasie het teen die

ruit afgeloop en ’n dralende rookwolk uit iemand se sigaar het verby my gesig gekrul.

“Verskoon my,” het ek vir die man voor my gesê en opgestaan. My plan was om in die kombuis te gaan skuil tot ek gekalmeer het, of alternatiewelik, uitgevind het wat die Engel se politieke affiliasie is, maar ’n ander jong man, ’n landgenoot van Claude, het my voorgekeer.

“Is jy ’n model?” het hy gevra.

“Nee. Assistent vir ’n tandarts.”

“As jy wil, sal ek foto’s van jou neem,” het hy aangebied.

“Ek het ’n kamera,” het ek gesê.

Hy het gelag en ek het gevlug ...

8.7 Ruimte speel ’n belangrike rol in ’n roman.

8.7.1 In watter ruimte vind die gebeure in TEKS 2 plaas? (1)

8.7.2 Hoekom verskyn die Engel juis in hierdie ruimte (wat jy in VRAAG 8.7.1 geïdentifiseer het) aan Iris? (1)

8.8 Die woorde in reël 1–2 word in New York bewaarheid. Motiveer dié stelling met DRIE redes uit die roman. (3)

8.9 Hoekom is die Engel in hierdie roman geloofwaardig? (1)

8.10 Watter stemming blyk duidelik in hierdie uittreksel? Motiveer jou antwoord deur ’n frase uit die uittreksel aan te haal. (2)

8.11 Herlees reël 18.

8.11.1 Watter ander persoon in die roman het ook foto’s van Iris, met die oog op ’n modelkontrak, geneem? (1)

8.11.2 Dink jy Iris het ’n wyse besluit met die modelkontrak geneem? Hoe sou jy in ’n soortgelyke situasie optree? Motiveer jou antwoord. (2)

8.12 Hoe sluit die titel van die roman by reël 18–19 aan? (2)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 9: OPSTELVRAAG

### *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse

Die titel van die roman, *Manaka Plek van die Horings,* is die sleutel tot die milieu waarteen die roman afspeel.

BESPREEK hierdie stelling in ’n opstel van 400–450 woorde. Gee in jou opstel aandag aan:

- Die redes hoekom die titel ’n sleutel tot die milieu van die roman is (2 feite)
- Hoe Baas se oupagrootjie, Joseph Mulambwa én Baas tot die stigting van Manaka bygedra het (4 feite)
- Die verskillende wyses waarop Baas en Griesel eienaarskap van Manaka geneem het (6 gemotiveerde feite)
- Jou beoordeling of die titel geloofwaardig tot die milieu bydra (3 gemotiveerde feite) **[25]**

**OF**

## VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

### *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS 1**

Hy aanvaar ’n pos as toergids by ’n safarimaatskappy in die noorde van Botswana. By sy neef Baas wat met whippet-windhonde en Ierse terriërs boer, kry hy ’n windhondjie present. Dis ’n taankleurige tefie, die tipiese bruingeel van die bloedlyn wat neef Baas teel. Hy gee ook vir hom ’n eksemplaar van Michael Main se boek oor die Zambezi.

Met ’n laaste besoek aan die plaas waar hy gebore is en grootgeword het, loop Baas saam met Brindle deur die bouval van wat eens hulle huis was. Hy wonder wat hy daar kom soek het. Maar in die vervalle tuin wil beelde uit sy kinderdae tog vorm aanneem.

In ’n bedding dahlias loop sy ma en blomme sny. Sy dra ’n loshangende rok met soepel palmbome op. Die rok kom tot by haar enkels. Sy het ’n vriendelike mond. Om haar nek hang ’n kettinkie met ’n kruis daaraan. Sy is kaalvoet, maar statig.

Hy besluit om die whippet-tefie Lady te noem.

Neef Baas bied aan om met ’n paar reisagente in verbinding te tree oor Baas se toerismeplanne en om hom te laat weet sodra hy ’n adres het.

Hy ry na die kerkhof waar sy pa en ma begrawe is en bring die laaste aand in die Houtboschberg daar deur.

10.1 Watter rol speel Baas se werk as "toergids" in sy lewe op Manaka? (1)

10.2 Gee TWEE bewyse uit die roman dat Baas se neef bydra om hom aan sy oupagrootjie te bind. (2)

10.3 Wat lei jy van Baas se karakter na aanleiding van sy besoek aan Houtboschberg af? (1)

10.4 ’n Verteller het ’n bepaalde rol in ’n roman.

10.4.1 Watter soort verteller tree in die gedeelte op? (1)

10.4.2 Hoe slaag die verteller in die uittreksel daarin om die ma op ’n subtiele manier te karakteriseer? (1)

10.5 Hoekom werk Baas se eie toerismeplanne aanvanklik nie uit nie? (1)

10.6 Houtboschberg speel ’n belangrike rol in die verhaal.

10.6.1 Waarom kan daar gesê word dat Baas aanvanklik positief oor Houtboschberg was? Skryf TWEE redes neer. (2)

10.6.2 Hoe het dié plek tot die vorming van Baas se karakter bygedra? (1)

10.6.3 Waaroor is Baas spyt wanneer hy aan sy ouers dink? (1)

10.7 Die droom van die "kettinkie met ’n kruis" het ’n invloed op die verloop van die verhaal.

Is hierdie stelling geloofwaardig al dan nie? Motiveer jou antwoord met DRIE bewyse uit die roman. (3)

**EN**

**TEKS 2**

Hy doen wat hy gekom het om te doen. Hy maak ’n afspraak met die khuta, die indoena-owerheid van die Senanga-gebied, vir woonregte op die plek wat hy op hulle aandrang aan hulle moet gaan uitwys.

Die hele Land Rover-vrag ou manne identifiseer die plek as Manaka. Hulle klap langdurig vir mekaar hande om hulle eenstemmigheid hieroor te bevestig.

Ná twee dae se onderhandelings, nakoming van stamrituele en moeite om te keer dat die twee honde amok maak onder die parlementslede en die dramatiese tolk, besluit die Raad van Indoenas onder leiding van hoofindoena Daaimon dat: Aangesien reverend Joseph, wat die sendingstasie daar bedryf het, oorlede is en niemand anders in die grond belangstel nie omdat dit nie geskik is vir ’n field nie, beduie die tolk met oordrewe handgebare in sy gebrekkige Engels, daarom: Mag die grond wat as Manaka bekend staan, aan mister Baas Chipman toegesê word ...

> Baas betaal die eerste jaar se huur vooruit. Toe hy besef dat nóg ’n kwitansie nóg ’n kontrak uitgereik gaan word, verlaat hy, na die voorbeeld van die khuta, handeklappend die hofverrigtinge onder die kameeldoring by Fumi, hoof-indoena Daaimon se gehuggie.
>
> By Manaka kry hy alles gereed om vroegdag op sy Zambezi-tog te vertrek ...
> Hy slaap die nag weer onder die worsboom, dié keer wettig.

10.8 Watter verband is daar tussen Manaka en Baas se verlede? (1)

10.9 Die plek, Manaka, dwing Baas om sy konflik op te los.

Sou jy die oplossing van die konflik as geslaagd beskou? Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse uit die roman. (2)

10.10 Die Lozi-mense maak dikwels van handeklap gebruik.

Noem TWEE redes vir hierdie tradisie. (2)

10.11 Reverend Joseph hou verband met een van die temas in die verhaal. Skryf dié tema neer. (1)

10.12 Noem die stemming wat die “worsboom” by Baas skep. (1)

10.13 Die khuta hou nie hulle woord nie. Bewys die stelling deur na die intrige van die roman te verwys. (1)

10.14 Die khuta se tweede in bevel, meneer Kebbey, se bedoelings is nie suiwer nie. Noem DRIE voorbeelde wat hierdie stelling staaf. (3)
**[25]**

**OF**

## VRAAG 11: OPSTELVRAAG

### *VATMAAR* – AHM Scholtz

Die motto van *Vatmaar*, “ ’n Lewendagge verhaal van ’n tyd wat nie meer is nie”, word die sleutel tot die verhaal.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400–450 woorde. Gee in jou opstel aandag aan:

- Die redes hoekom Vatmaar ontstaan het (2 feite)
- Hoe Oom Flip, Oupa Lewis en Hans du Plooy bygedra het tot Vatmaar se ontwikkeling (4 feite)
- Die kontras tussen vandag en “*’n tyd wat nie meer is nie*” ten opsigte van eienaarskap, menseverhoudinge en geletterdheid (6 gemotiveerde feite)
- Jou beoordeling of hierdie wel “’n tyd is wat nie meer is nie” (3 gemotiveerde feite) **[25]**

**OF**

**VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG**

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Lees die onderstaande uittreksels aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS 1**

> God, my God, het hy nou op sy bicycle sit en dink. Ek dank U dat U weer die liefde in my hart herstel het. Laat my tog hierdie meisie aanvaar soos sy is, dat ek haar nie sal probeer verander nie. Want sy is onskuldig en rein in denke en dade. Laat my tog nooit die oorsaak wees van enigiets wat haar sal seermaak nie. Sy is myne en ek behoort aan haar. En gee dat ons U in ons saamwees sal eer, my God.
>
> Voor sononder daardie middag het hy gesê: Suzan, ons moet die lamp by die kliniek gaan regmaak. Ek sal vir Heinrich dra, dan bring jy vir my die sak met die lampsakkies en die *Instructions*.
>
> Hulle is eers na Nurse-sister Gous. Ja, sê sy, ek het al gewonder wanneer julle twee kom want die mense sê daar moet ’n sakkie in die lamp kom en jy het nie vir my so iets gegee nie.
>
> Kenny tik met sy hand op die sak. Hier is hulle, Suster.
>
> Toe hulle naby die kliniek kom, kyk die vroedvrou skierlik rond en sê: Ek ruik rook, ’n groot veldvuur wat die Augus-wind diékant toe waai.

12.1 Watter verband is daar tussen dié uittreksel en Kaaitjie se dood? (2)

12.2 Waarom is dit korrek om te sê dat Suzan Tant Wonnie se beginselvastheid geërf het? (1)

12.3 Watter verband is daar tussen Kenny en die kliniek? (1)

12.4 Watter karaktereienskap van Kenny kom na vore in die eerste ses reëls? (1)

12.5 Een van die temas wat in *Vatmaar* voorkom, is dié van ongeletterdheid.

Haal ’n frase uit die uittreksel aan wat daarop dui dat Kenny kon lees en noem hoe Vatmaar daarby gebaat het. (2)

12.6 Gee die rede waarom ’n meisie later vir Kenny-hulle kom soek en dui met TWEE redes aan hoekom hierdie gebeure konflik by Suzan veroorsaak. (3)

12.7 Hoe dra die milieu waarin Suzan haar bevind, by tot haar besluit om Vatmaar te verlaat? (1)

**EN**

**TEKS 2**

... Dit was ’n fees waaroor Vatmaar nou nog praat. En Oom Chai was op sy stukke. Nadat hy die dankgebed gesê het, het hy vir ons ’n bietjie van sy lewensverhaal vertel. Maar hy moes dit kortknip, want die oumas het aanmekaar gevra: Sê ons nou van jou girlfriends.

Daar is gelag en almal was vrolik.

Toe raak ons aan die eet. Daar was genoeg vir almal en nog oor ook om skelmpies huis toe te vat. Almal was bly om Kaaitjie te sien en soos die gebruik op Vatmaar is, wou elkeen haar hand skud. Tog het sy die middag toe hulle huis toe stap vir Suzan gesê: Ek voel so oorbodig en alleen, asof ek ’n teleurstelling is.

Toe begin al die jongmeisies sonder skaamte te sing: Ma-Ma, ek wil ’n man hê – met ’n vonkelwynglans in die oë en elkeen haar eie idee van die man wat sy wil hê. En die groot seuns met hul kaal voete droom van ’n wit broek as hulle sing: Die wit broek sit nie mooi nie, Die wit broek het nie ’n plooi nie, die witbroek sit so styf ...

Die fees het ons laat voel ons is een groot familie sonder verdeeldheid en haat, het Oom Houtstok gesê waar ons almal bymekaar was om Oom Chai af te sien.

12.8 Hoekom moes oom Chai die dankgebed doen? (1)

12.9 Hoe bewerkstellig die verteller die vrolike stemming wat in die uittreksel heers? (1)

12.10 Sou jy sê dat die titel *Vatmaar* suksesvol deur die gedeelte versterk word? Motiveer jou antwoord. (1)

12.11 Waarom voel Kaaitjie soos ’n teleurstelling? (2)

12.12 Kaaitjie se situasie verdien elke leser se simpatie.

Het jy simpatie met Kaaitjie? Motiveer jou antwoord. (1)

12.13 “... waar ons almal bymekaar was om Oom Chai af te sien.”

Na wie was Oom Chai op pad en wat was die doel van sy besoek? (2)

12.14 Vir wie het Oom Chai tydens sy besoek ontmoet en toon aan hoe hierdie ontmoeting die verloop van sy lewe beïnvloed het deur na TWEE sake te verwys. (3)

12.15 “Die fees het ons laat voel ons is een groot familie sonder verdeeldheid en haat.”

Sê of jy met hierdie stelling saamstem. Motiveer jou antwoord met ’n voorbeeld uit die verhaal. Dui aan wat TWEE gevolge van hierdie voorbeeld was. (3)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**EN**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

**LET WEL:** Beantwoord EEN vraag oor die dramateks wat julle in die klas behandel het.

### VRAAG 13: OPSTELVRAAG

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Die drama *Krismis van Map Jacobs* gee ’n blik op die leefwyse van die ontworteldes.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400–450 woorde. Gee in jou opstel aandag aan:

- Die redes vir die ontworteling van die gemeenskap (2 feite)
- Maud en Cavernelis se reaksie op hul lewens as ontworteldes (4 feite)
- Die invloed van hierdie omstandighede op La Guma en Blanchie (6 gemotiveerde feite)
- ’n Beoordeling van die aktualiteit van die drama (3 gemotiveerde feite) **[25]**

**OF**

### VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRISMIS VAN MAP* JACOBS – Adam Small**

Lees die onderstaande teks aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS 1**

| | |
|---|---|
| CYRIL: | Okay, ons sil vi’ ons behave, antie ... O, sorry. Missies Cavernelis is mos nie my antie nie! Maar ons sil vi’ ons behave! |
| MAUD: | Julle beter! ‘Cause julle groot monde briek die hele Sondag af, het julle nie eers respect vir die Sondag nie? |
| CYRIL: | Monde? Sê maar bekke, missies Cavernelis! En Sondag? Missies Cavernelis praat van die Sondag? En wat van missies Cavernelis se step-daughtertjie Blanchie miskien? Het sy oek respect vir die Sondag? En haar daddy? Het hy oek respect vir die Sondag? Nei, because haar daddy stuur vir haar yt op die lonely hearts biesagheit, even op die Sondag! |
| RICHIE: | Hê, hie’ kom Tommy ... |
| CYRIL: | Tommy se gat, man, hy cover oek up, net soes al die anner... |
| MAUD: | Sukke scum! Sukke scum! |
| TOMMY: | Wat’s ‘it nou weer van Blanchie? |
| MAUD: | ‘Is dié ontydige ... |
| CYRIL: | ... bekke, missies Cavernelis! En noudat missies Cavernelis onse bekke al drie keer sleg gesê het, shuddup! ‘Cause three, says de Bible, is enough! |

14.1 Cyril en Richie hou hulle besig met ’n spel soortgelyk aan vingerbord.

14.1.1 Wat word die spel genoem? (1)

14.1.2 Verduidelik watter simboliese betekenis hierdie spel in die drama verkry. (2)

14.2 Waarvan beskuldig Cyril vir Maud eintlik in dié uittreksel? Motiveer jou antwoord met ’n sin uit reël 1–12. (2)

14.3 “... die lonely hearts biesagheit ...”

14.3.1 Verduidelik waarna Cyril hier verwys. Sê wat die rede van Cavernelis se betrokkenheid was en hoe hierdie handeling Cyril se houding teenoor die Cavernelis-familie beïnvloed. (3)

14.3.2 By watter tema van die drama sluit Cavernelis en Blanchie se handeling aan? (1)

14.4 Wat verklap Cyril se woorde in reël 14–15 van sy karakter? (1)

14.5 Cyril se optrede in dié uittreksel is moreel regverdig.

Stem jy met hierdie stelling saam? Motiveer jou antwoord. (1)

14.6 ’n Drama speel in ’n bepaalde ruimte af.

14.6.1 In watter ruimte speel hierdie uittreksel af? (1)

14.6.2 Die ruimte waarin Maud haar bevind, sluit by die tema van die drama aan.

Stem jy met hierdie stelling saam? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

**TEKS 2**

CYRIL: Maar ek het dan gedink sy gaat oversea ...
TOMMY: Ek oek ... Anyway ... Maar 'is seker nie onse biesagheit nie ...
CYRIL: *(lag)*: 'Is soes jy sê, ou Tommy ... So ... hulle siet mekaar weer, Blanchie, en Map Jacobs die bastard!
*Die lig verander. Doof uit.*
*Doof in: Blanchie en Map. Blanchie totaal verward en huilend. Op 'n afstand van mekaar.*
BLANCHIE: *(bewend):* Dis ... Johnnie ... dis Daddy! Daddy! Jy ... kom ... help. Dis Daddy!! Daddy!! Daddy!! *(Sy skreeu.)*
MAP: *(staar)*: Blanchie ...
BLANCHIE: Johnnie! Dis Daddy!
MAP: *(probeer haar kalmeer):* Hê, Blanchie ... Lyster nou eers ... Blanchie ...
BLANCHIE: *(snik, praat dan):* Daddy! ... Johnnie ... hy word nooit so nie, hy't nog ... nooit ... nog ... so ... Johnnie ... gekyk nie ... Toe ... loop hy net ... weg ... net ... loop hy net ...
*Map sit sy arm om haar, maar asof dit 'n elektriese skok is, ruk sy haar weg.*

14.7 Waarom gaan Blanchie nie meer oorsee nie? (1)

14.8 Die nuus dat Blanchie nie meer oorsee gaan nie, veroorsaak konflik in die Cavernelis-huishouding.

Waarom sê Maud hulle familie is nou "stupid fools" en watter aanklag maak Maud ook nog teenoor Blanchie? Wat was die uiteindelike gevolg van hierdie konflik vir hulle gesin? (3)

14.9 Verduidelik die ironie in Tommie se woorde in reël 2–3. Wat verklap hierdie woorde van sy karakter? (3)

14.10 Waarom is die toneelaanwysing in reël 7–8 realisties/logies? (1)

14.11 Lees Blanchie se woorde in reël 9–10.

Hoe hou hierdie woorde verband met haar ontsteltenis? Watter handeling van haar het hiertoe aanleiding gegee? (2)

14.12 Bereik die dramaturg die dramatiese doelstelling met die gedeelte wat hierna tussen Blanchie en Map gebeur? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)
**[25]**

**OF**

## VRAAG 15: OPSTELVRAAG

### *MIS* – Reza de Wet

Die drama, *Mis*, gee ’n kykie op die leefwyse van sukkelaars en hulle hunkering na ’n beter bestaan.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400—450 woorde. Gee in jou opstel aandag aan:

- Die redes vir die sukkelbestaan (2 feite)
- Wat Miem, Meisie en Gabriël van hulle sukkelbestaan sê (4 feite)
- Die invloed wat die beperkende omstandighede op Miem en Meisie het (6 gemotiveerde feite)
- ’n Beoordeling van die aktualiteit van die drama (3 gemotiveerde feite) **[25]**

**OF**

## VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

### *MIS* – Reza de Wet

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS 1**

| | |
|---|---|
| MIEM: | ... Ek wil net weer sê ek is jammer. Dit was werklik net ’n misverstand. As daar enigiets is wat ek kan doen om te vergoed ... |
| KONSTABEL: | Wel ... daar is ’n klein gunsie wat u my kan bewys. |
| MIEM: | Seker, Konstabel. Alte graag, Konstabel. Wat is hierdie gunsie? |
| KONSTABEL: | Soos ek gesê het, het ek duidelike beelde van ouer dames, ... maar ek weet glad nie hoe jong meisies lyk nie. Ek sou baie graag die jong dame wou sien. |
| GERTIE: | Hoe bedoel u ‘sien’? |
| KONSTABEL: | *(Glimlag en beweeg sy vingers soos voelers)* Met my vingers, Juffrou. Met my vingers. |
| GERTIE: | O! |
| KONSTABEL: | Dan sal ek ’n vae beeld kan vorm. |
| MIEM: | Maar natuurlik, Konstabel. Met graagte. Meisie, sê vir die konstabel dit sal ’n plesier wees. |

Kopiereg voorbehou 

*Meisie sê niks.*

KONSTABEL: Natuurlik, as die jong dame nie wil nie ...

MIEM: Ag, nee wat, sy is maar net skaam. Is dit nie so nie, Meisie? *(Dreigend)* Is dit nie so nie?

16.1 Wat is die "misverstand" waarna Miem in reël 2 verwys? (1)

16.2 Waarom sluit die gebruik van die woord "misverstand" in reël 2 by die titel van die drama aan? (1)

16.3 Waarom is dit vir Miem so belangrik om te "vergoed" (reël 3)? (1)

16.4 Hoe weet jy dat Konstabel aarselend praat, so asof hy sy woorde oorweeg? (1)

16.5 Hoekom sluit die woorde "klein gunsie" (reël 4) by Konstabel se karakter aan? (1)

16.6 "... maar ek weet glad nie hoe jong meisies lyk nie." (Reël 9)

16.6.1 Hoekom dink jy is Konstabel eerlik/nie eerlik nie in hierdie spreekbeurt? Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse uit die drama. (3)

16.6.2 Wat dink jy wil Konstabel met hierdie woorde en optrede bereik? Noem TWEE doelwitte. (2)

16.7 Meisie se optrede in reël 18 is geloofwaardig.

Noem TWEE redes om hierdie stelling te bevestig. (2)

16.8 Watter karaktereienskap van Miem blyk duidelik uit haar dialoog in reël 20–21? Skryf neer op watter TWEE maniere dit by die dramatiese doelstelling van die drama aansluit. (3)

**TEKS 2**

GERTIE: *(skielik skel en hard)* Kom in, julle twee! Julle wil nie koue vat nie!

MIEM: (*kwaad*) Gertie!

*GERTIE lyk verleë en gaan sit by die stoof. MEISIE lei die KONSTABEL binne. Haar wange gloei en haar oë blink. Sy maak die agterdeur toe. Die sirkusmusiek word nie meer gehoor nie.*

GERTIE: *(half verleë)* Ek weet jou sirkulasie is nie goed nie, Meisie. Sy's baie koulik, Konstabel. Ek dink dis van al die sit.

| | |
|---|---|
| MIEM: | *(kyk op na die valdeur. Hard)* Laat sak! |
| GERTIE: | Ek gee mos liggaamsopvoeding, Konstabel. En dis waarin ek glo. *(Spring op en doen ’n paar vinnige oefeninge)* Diep asemhaal en oefening. Kyk maar vir my. My hande is nooit koud nie. Tot my tone is warm. |
| | *Die valdeur klap oop en die tou sak vinnig ondertoe.* |
| MIEM: | *(geïrriteerd)* Ag, toe nou, Gertie. *(Maak die tou aan die leë slopemmer vas)* Ek sê altyd te veel oefening maak ’n vrou taai en seningrig ... |

16.9 Waaraan skryf jy onderskeidelik Gertie én Miem se optrede of woorde in reël 1–2 toe? (2)

16.10 Wat veroorsaak, na jou mening, dat Meisie se “wange gloei en haar oë blink” (reël 5)? (1)

16.11 Verduidelik of jy dit effektief vind dat die sirkusmusiek nie meer gehoor kan word nie, soos in reël 6. Gee ’n rede vir jou standpunt. (2)

16.12 Gertie sien Konstabel as iemand wat ook haar eie drome kan waarmaak.

16.12.1 Wat is haar plan met Konstabel? Hoe sluit dit aan by haar woorde **en** optrede in reël 7–13? (3)

16.12.2 Hoekom slaag Gertie nie in haar doel nie? (1)

16.13 Wat is die verband tussen die valdeur, die tou (reël 14) en die titel van die drama? (1)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou